**Skriflesing:** Handelinge 2:14; 36-42
**Tema:** Redding begin nie by my nie, maar gebeur ook nie sonder my nie.

Dit gaan swaar met die Christene in die tyd van Handelinge 2. Hulle is onder geweldige druk. Die Jode wat gelowig geword het, word veral deur hul mede-Jode beskuldig dat dit wat hulle glo, Godslasterlik is. Daar word op hulle leierskorps toegesak met verhore en vervolgings. Hulle is al minder welkom in die tempel en sal uiteindelik uit die tempel geban word.
Die heidense Romeinse regering is aanvanklik versigtig om teen hulle op te tree. Geleidelik is die skroewe aangedraai teen dié Christelike "sekte" wat teen keiserverering is en al meer as 'n politieke risiko beskou word.

Gelowiges was hoofsaaklik arm mense sonder hoë aansien of politieke invloed. Baie van hulle leiers was ongeletterd en hulle het aanvanklik geen kerkgeboue gehad nie.

Tog groei die kerk. By die ongeveer 120, word 3 000 gelowiges in die tyd van Handelinge 2 gevoeg. In Handelinge 4 lees ons van 5 000 gelowiges. So groei die kerk oor volgende 300 jaar teen 40% elke 10 jaar totdat die kerk ongeveer 33 miljoen uit 'n totale bevolking van 56 miljoen is.
Hoe gebeur dit? Wat kan ons by hulle leer?

1. Die Heilige Gees word uitgestort. Ons is meer bevoorreg is hulle, want die Heilige Gees is reeds oor ons uitgestort.
2. Kinders van die Here getuig onverskrokke deur woord en daad soos ons ook verlede sondag gehoor het.
3. Mense kom tot bekering. Hulle gee hulle lewens aan die Here oor. Hierdie herlewing gebeur nie sonder ons beskikbaarheid of inskiklikheid nie.

Ons lees van die eerste Pinksteroes wat ingebring word in Handelinge 2:14; 36-42. Petrus het in die voorafgaande verse getuig dat net die opgestane Here red!

Nou wil sy hoorders weet wat hulle nou moet doen?
Eintlik het Petrus reeds hulle vraag in Hand 2:21 geantwoord: "So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."

In die gelese gedeelte antwoord Petrus hulle dat hulle 3 goed moet doen: Bekeer julle, laat julle doop en laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit.

"Bekeer julle" is reeds Johannes die Doper se oproep. Ons lees in Matteus 4:17: "Van toe af het Jesus begin preek en gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

Bekeer julle, gee vir 'n eerste maal aan die Here oor. En as kinders van die Here moet ons ons daagliks bekeer.

Maak 'n U draai weg van sonde en terug na die Here en na mekaar.
Draai terug na Here met alles wat jy is en het, jou gedagtes, woorde en werke. Laat toe dat God; Vader, Seun en Heilige Gees julle huidige sondige leefwyse radikaal verander. En gaan leef liefde in die voetspore van Jesus Christus.

Laat julle in die Naam van Jesus Christus doop. Dit krag is nie in die doophandeling nie, maar in die Naam van Jesus Christus. By die doop bevestig Hy ons van sy keuse vir ons. Vir elke gedoopte verseker Hy by die doop: "Jy is myne."

Dei doop is soos 'n bankkaart wat Hy vir ons gee. Dit is ons kaart, want ons naam staan daarop. Die bedrag wat op die kaart gelaai is, is ons Vader se liefde, die verlossing deur Jesus Christus en die lewensveranderende inwoning van die Heilige Gees in ons lewens. Maar nou weet ons dat 'n kaart niks beteken as ons dit nie gebruik nie. Ons moet daagliks na die Goddelike bankteller gaan en iets van die oorvloed waarmee Hy ons seën, gaan onttrek.

God kies ons, daarom is die doop 'n teken wat ons verseker dat die Here ons sondes vergewe. Soos water ons skoonwas, so wil Hy ons skoonwas van ons sondes.

Die doop is ook 'n teken van God se keuse om vir ons die Heilige Gees te gee. Wat moet ons doen om die Gees te kry?  Jesus antwoord in Lukas 11:13; "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."

Petrus getuig dat hierdie geskenke van God nie net vir die gehoor op Pinksterdag bedoel is nie, maar ook vir hulle nageslag. Dit is vir Jode en die nie-Jode wat op God se adreslys is, maar nog hierdie goeie nuus moet hoor.
En dit is natuurlik ook vir ons! God roep ook ons, daarvan is daar leë kruis en graf en doop bewys. Ons moet reageer op God se roepstem en redding.

Dit is soos 'n reddingsboei wat na 'n drenkeling uitgegooi word. Ons moet dit net vat in geloof en toelaat dat ons groot Lewensredder ons red.

Daar was baie groot reaksie op Petrus se preek. Ons lees hier van die geboorte van die Christelike kerk. 3 000 mense aanvaar God se reddingsboei. Hulle kom tot bekering en laat hulle red uit die sondeverlore wêreld uit.

Hierdie eerste Christelike gemeente is dadelik 'n voorbeeld van toewyding en dien van die Here. Volgende week gaan ons Handelinge 2 verder lees en leer van die ABC van gemeentewees.

Ons kyk net baie kortliks na die eerste drie dinge wat in die gemeente gebeur het:

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels. In vandag se taal beteken dit dat ons die Bybel met ons hele hart bestudeer, leef en verkondig.

En ons kan nie aan die Here behoort, sonder om aan mekaar te behoort nie. Daar was 'n splinternuwe band van liefde en gemeenskap van gelowiges. Hulle en ook ons vandag, is mekaar se broers en susters binne die nuwe gesin van God. Hulle het saam geëet.

Hulle het saam gebid. Waar die Gees aan die werk is, kan mense nie anders as om te bid nie.

As kerk is ons in feestyd, die tyd tussen opstanding en pinksterfees. God het deur Jesus Christus alles vir ons gedoen. Hy bederf ons met vergifnis van sonde en met die Heilige Gees.

Ons hoef nie meer te vra wat ons moet doen nie, ons weet wat om te doen om kind van die Here te wees en om as kerk geestelik te groei.
Bekeer julle, gee oor aan Here.
Ontvang van God sy geskenke, die doop as versekering van sy liefde vir my en jou, vergifnis van sonde en die Heilige Gees. En gaan leef anders. Maak met jou hele hart erns met die Bybel en met mekaar. Leef,dien, eet en bid saam.
Amen